Oordenking
27 Januarie 2010

EEN JESUS, EEN KERK

Ons vind in die Kerk, netsoos in die sosiale en politieke wêreld, dikwels eerder skeiding en verdeeldheid as eenheid. Daar is ryk en daar is arm kerke. Daar is konserwatiewe, liberale, evangeliese, tradisionele, pinkster en charismatiese kerke. Daar is ook swart, bruin, wit, Afrikaanse en Engelse kerke!

Tog leer die Bybel dat daar net een Koninkryk van God is! In ons Apostoliese Geloofsbelydenis sê ons elke Sondag dat ons in *een, heilige, algemene kerk glo*. Daar is net een Jesus wat weer sal kom om al sy mense bymekaar te maak om sy Bruid na Hom toe te neem vir alle ewigheid. Daar is net een Koninkryk van Christus wat bestaan uit elkeen wat deur die werk van die Heilige Gees die geskenk van geloof in Jesus ontvang het.

As ons gehoorsaam is aan God, word sy manier van dink oor sy werk deel van ons hele lewe. En wanneer Jesus weer kom, sal daar net een ewige Koninkryk van God wees wat vir altyd en altyd sal bestaan.

Om werklik ons deel wees van hierdie Koninkryk te ervaar, moet die "soort soek soort" mentaliteit in die kerk minder belangrik word. Of dit nou taal, kultuur of verskillende kerklike agtergronde is wat ons skei, pas dit die volgelinge van Christus om eerder 'n "een Jesus, een Kerk" gesindheid te hê.

Kom ons groei vanjaar as mens en as Christen. Jy kan baie meer wees as die mens wat jy nog altyd geglo het dat jy is. Een van die wyses waarop ons groei is deur ons blootstelling aan wat God in die lewens van 'n groot verskeidenheid van mense gedoen het. *Jy sal verras wees om te ontdek dat mense wat Jesus liefhet en volg, baie meer in gemeen het, as wat hulle van mekaar verskil en dat ons baie by mekaar kan leer.*

Ek bid dat ons dit wat mense van mekaar skei, minder belangrik sal maak. Hoewel ons almal God se kinders is en dieselfde droom vir God se werk deel, ken ons mekaar nie altyd goed genoeg nie en soek ons nie mekaar se ondersteuning, wysheid en ervaring gereeld genoeg op nie. So verarm ons ons Christen-ervaring te midde van 'n ongewone geleentheid in God se werk, waar ons kan groei deur as Christene God se wonderwerk van eenheid te midde van verskeidenheid in die werk van die Here te ervaar.

As ons leer om bo alles toegewyde volgelinge van Jesus te wees, leer ons om saam op die Here te vertrou! As ons dit doen sal ons eendag hoor: "Goeie en getroue dienskneg, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel in die ewige koninkryk van My Vader ".

As jy verlede jaar baie keer weggestap het van die uitdagings in Christus se gemeente, omdat dit moeilik, uitdagend en selfs veeleisend is, kom liewer terug voordat jy teveel verloor: veral jou roeping, jou liefdesdiens aan Christus en jou geestelike groei as sy volgeling. Kom ons stel ons geestelike mislukkings van 2009 reg in 2010! Kom ons almal werk saam vir die droom wat die Bybel ons gee: Een Jesus, een Kerk! Dan sal ons almal kan deel in die groot genade werk van God in ons lewens en in ons gemeente.